# Kritiek op Dr Ben du Toit se boek "God? Geloof in 'n postmoderne tyd." (CLF Uitgewers, 2000)

**Deur Wynand Louw**

**Abstrak**

Hierdie kritiek op du Toit se boek "God? Geloof in 'n post moderne tyd." sal sal die volgende aantoon.

1) Du Toit verwar die konsepte van kosmologie, wêreldbeeld en epistemologie. Op grond van die pre-moderne kosmologie verwag hy van sy leser om die Bybelse teïstiese wêreldbeeld te verwerp en sy panenteïstiese wêreldbeeld te aanvaar.
2) Du Toit stel 'n vals antitese tussen die wetenskap en die Bybelse teïstiese wêreldbeeld, terwyl die ware antitese tussen die moderne/postmoderne epistemologie en die Bybelse teïstiese wêreldbeeld is.
3) Du Toit aanvaar die postmoderne epistemologie onkrities.
4) Sy panenteïstiese wêreldbeeld en postmoderne epistemologie maak dit vir hom onmoontlik om die Goddelike openbaring van die skrif te aanvaar en om Goddelike wonderwerke as historiese feite te aanvaar.
5) Sy hermeneutiek is dus geskoei op die ontkenning van Goddelike openbaring en wonderwerke.
6) Hy maak dus Jesus se maagdelike geboorte en sy liggaamlike opstanding verdag.
7) Hy ontken die bestaan van die duiwel.
8) Die enigste proposisie van die Evangelie wat hy skynbaar nie verdag maak of verwerp nie is Jesus se versoeningsdood aan die kruis.
9) Die vraag is of die proposisie van Jesus se versoeningsdood aan die kruis in isolasie van al die ander proposisies van die Evangelie, wat du Toit verwerp, kan bly staan. Die leser moet maar self besluit.

**Vooraf**

Dr Ben du Toit is onlangs in die BEELD aangehaal dat hy gesê het dat hy nie glo dat die duiwel bestaan nie. Dit het landwyd opspraak verwek, en ek het persoonlik 'n tugklag vir dwaalleer teen hom by sy ring ingedien. In 'n eposgesprek wat daarop gevolg het, het Dr du Toit hom nie gedistansieër van sy uitspraak nie, en wou ook nie enige vrae oor sy geloof beantwoord nie.

Dit was dus vir my belangrik om hierdie boek in die hande te kry en te lees, nie net om myself voor te berei vir die tugondersoek nie, maar ook om my eie bona fide te vestig.

**My eie agtergrond**

Dr du Toit skryf in die inleiding: "Hierdie boek is my eie storie van glo, van twyfel en vrae vra, van ondersoek en tog uiteindelik iets verstaan – hoe voorlopig ook al ..."

Miskien moet ek dus my eie storie van glo hier vertel – nie omdat dit noodwendig toepaslik is nie, maar omdat die leser dan beter sal verstaan waar ek vandaan kom en wat die konteks is waaruit ek die boek gelees het.

Ek is opgelei as wetenskaplike, en is 'n mediese spesialis in privaat praktyk. My pa was 'n wetenskaplike. Ek het my tande gesny op Charles Darwin en Robert Ardrey. Ek was nog in die

laerskool toe ek my Sondagskool juffrou probeer oortuig het van die waarheid van die evolusieleer. My pa was op Sondae 'n Christen en in die week 'n wetenskaplike. Hy het in dié opsig 'n totaal skisofreniese lewe gelei, en nie toegelaat dat sy wetenskap en sy geloof mekaar kontamineer nie. Totdat hy skynbaar sy geloof totaal verloor het.

Ek het op sestienjarige ouderdom Jesus  aangeneem as my persoonlike Verlosser en Saligmaker. Vir baie jare was ek 'n teïstiese evolusionis. Of 'n evolusionêre kreasionis. Tot ek eendag, terwyl ek besig was om fisiologie te swot vir 'n spesialis-eksamen besef het dat evolusie 'n wetenskaplike onmoontlikheid is.

Ek kon dit nie meer glo op wetenskaplike, rasionele gronde nie. Maar die groot bevryding was omdat ek besef het dat ek dit nie HOEF te glo nie, omdat ek 'n Christen was.

En ek moet ook bely dat ek in die bonatuurlike glo.

In my finale jaar van studies (lank voor die bg eksamen) het ek my toekomstige vrou ontmoet by die BKJA van die Bronberg NG gemeente in Sunnyside Pretoria. Ons was betrokke by die sendinggroep. Ons groep het 'n kinderdag by die kerk beplan vir 'n Saterdagoggend. Die opwinding was groot omdat ons oom Chris Fourie, die bekende kindersendeling, sou kry om 'n storie te vertel. Daarna sou ons honderde helium ballonne met Bybelboodskappies die lug instuur, as simbool van Christus se Groot Opdrag.

Die Vrydagaand voor die kinderdag het ons by een van ons lede se woonstel vergader. Alles was in orde en gereed vir die volgende dag – behalwe die helium. Dit was net eenvoudig te duur, het die verantwoordelike persoon verduidelik. Die balonne sou dus nie opgestuur word nie. Ons leier, Jurgens Pieterse, sê toe, “Geen probleem nie. Ons sal hier bly en bid, Wynand, gaan haal jy en Gerda die helium!” (Ek het 'n kar gehad, dit was my kwalifikasie vir die taak.) Ons het toe maar in die kar geklim en gery – met geen idee waar ons die helium sou kry nie. Ek besluit toe maar om universiteit toe te ry, miskien sou ek daar iets kon – wel - leen.

By die universiteit aangekom was alles soos verwag gesluit.  Maar ek sou darem kon sê dat ek probeer het. So wandel ons deur die donker gange en kom by 'n telefoonhokkie. Ek het 'n munt in my sak en bel my broer. Ek vra of hy nie dalk 'n silinder helium het wat iewers rondlê nie. Hy antwoord ja, daar lê twee in sy motorhuis. Hulle het 'n pretdag by die werk (die chloorfabriek buite Kempton Park) gehad  en het 'n groot ballon opgestuur. Hy moes die silinders die Maandag terugneem na Afrox. Maar tot dan was ek welkom om dit te gebruik.

Ek kan nie eers begin om te dink wat die statisiese kanse vir so iets sou wees nie. Geen persoon wat ek ken het voor dit of sedertdien ooit weer 'n los helium silinder in sy motorhuis gehad nie. En dit was nie net die “toevallige” vind van 'n silinder helium nie. Dit was ook Jurgens se stille oortuiging voor die tyd dat ons dit sou vind, en die ongelooflike resultaat dat ons drie ure later daarmee weer by die groep opgedaag het.

Mense mag dink dit is toeval.  Ek is oortuig dit was dit 'n bonatuurlike ingryping van God.

Die probleem is: In die postmoderne era glo ons nie meer in bonatuurlike ingrypings van God nie, aldus dr du Toit. Dit het dus nooit plaasgevind nie. Die 24 jaar gaping tussen die gebeure en die neerskryf daarvan vandag is 'n onoorbrugbare kloof.

**Inleidend**

“God? Geloof in 'n postmoderne tyd” is nie 'n tegniese verhandeling nie. Dit is kort en oorsigtelik van aard en is geskryf vir gewone mense. Dit is dus belangrik om te besef dat du Toit sekere dinge omtrent sy geloof impliseer maar nie altyd definieer of spesifiseer nie. Die leser is dus verplig om sekere afleidings uit die teks te maak. 'n Voorbeeld hiervan is du Toit se panenteïsme. Hy maak genoeg uitsprake oor die onderwerp om te bevestig dat hy 'n panenteïs is, maar verskaf geen detail oor sy geloof in hierdie verband nie. Daar is geen ortodoksie onder mense wat panenteïsme aanhang nie. Hy toon aan dat hy beinvloed is deur Pannenberg en Polkinghorne – mens kan dus na hierdie bronne verwys om te probeer aflei wat du Toit glo. Ek moet egter waarsku dat, hoewel dit vir die bespreking van die onderwerp noodsaaklik is om sulke afleidings te maak, die afleidings self voorlopig van aard is.

**Inkonsekwentheid**

Een van die sentrale punte van du Toit se tesis is dat alle kennis onseker is. (Die vraag wat onmiddellik opkom is natuurlik: “Is jy seker dat alle kennis onseker is?”) Hy spreek hom ook regdeur die boek sterk uit teen fundamentaliste en hulle ongenaakbare sekerheid en dogmatisme.

Tog maak hy hierdie verbasende modernistiese, dogmatistiese uitspraak op bl 6:

> “Met die volgende gegewens moet die kritiese gelowige op die een of ander manier erns maak indien hy/sy nie enige aanspraak op geloofwaardigheid wil prysgee nie. Dit is feite.”

Dan volg 'n vinnige geskiedenis van die heelal van die oerknal 15 – 20 miljard jaar gelede, die ontstaan van die mens 250 000 – 500 000 jaar gelde en Jesus van Nasaret 2000 jaar gelede.

Of hy evolusie onderskryf of nie sê hy nie, maar ons mag dit aflei. Die punt is egter sy dogmatiese stelling oor die ouderdom van die aarde.

Daar het die afgelope tyd baie nuwe dinge aan die lig gekom.
-- Die meting van intergalaktiese afstande is onder verdenking omdat daar data is wat wys dat rooi verskuiwing dalk nie betroubaar is vir meting nie (Daar is byvoorbeeld twee sterre wat met 'n gaswolk aan mekaar verbind is, en verskillende rooi verskuiwings het.)
--Daar is alternatiewe kosmologieë wat groter sukses het as die oerknalmodel om sekere verskynsels te verklaar. Ek verwys spesifiek na die sogenaamde “Electric Universe”-teorie. Google dit maar. Vir my as leek maak dit baie meer sin as Hawking se onverstaanbare nonsens. Dit doen weg met donker materie en donker energie, wat vir my al te veel na my ma se husse met lang ore lyk. (En dit het niks met kreasionisme te doen nie. Die “Electric Universe” voorstanders is ateïste.)
-- Ouderdomsbepaling met radioaktiewe isotope lewer resultate op wat dit uit 'n wetenskaplike oogpunt heeltemal onbruikbaar maak. Die standaard waarteen die ouderdom van die aarde bepaal word is die geologiese kolom, en dit is... aannames.

Beteken dit ek verkondig sesdag skepping? Nie noodwendig nie. Ek wys maar net du Toit se modernistiese dogmatisme uit!

'n Tweede voorbeeld van sy inkonsekwentheid is die feit dat hy beweer dat God totaal onkenbaar is:

> “Hy wat weet dat hy niks van God weet nie ken God dalk die beste.” (bl 116)

En dan op bl 118 maak hy die verstommende stellings oor God:

> "In hierdie verband is dit dan ook onmoontlik om tegelyk drie dinge van God te kan glo, naamlik dat hy alwetend, almagtig en liefdevol is. Twee van hierdie eienskappe kan gemaklik saamgedink word. Maar sodra 'n derde (en 'n vierde soos regverdigheid) by kom, maak dit nie meer sin nie."

As ons God geensins kan ken nie, hoe kan ons dan dogmaties reëls neerlê waaraan Hy moet voldoen om sin te maak? Ek gaan nie nou die oplossing van du Toit se probleem hier bespreek nie, dit is nie die punt nie. (Die antwoord lê deels in die feit dat God volledige kennis van alle moontlikhede het) Ek wil maar net aantoon dat hy, ten spyte van sy betoog dat God nie verstaanbaar is nie, tog aandring daarop om God te onderwerp aan die reëls van sy eie, menslike logika.

**Verdagmakery**


Du Toit stel dit van die begin af onomwonde dat hy aan ons 'n nuwe paradigma (die postmoderne denkpatroon) wil verkoop. En dan maak hy gebruik van negatiewe advertensie. Mense wat nie sy nuwe paradigma aanvaar nie is ongenaakbaar, selfs aggressief, en voel bedreig. Hulle verstaan nie die nuwe paradigma nie. Dié wat wel die nuwe paradigma aanvaar, het die karaktertrekke van progressie. Hulle is genaakbaar, tolerant, diplomaties. Hulle verstaan dié wat maar nie wil verstaan nie, maar omdat hulle die Lig gesien het, kan hulle nooit weer terugkeer na die ou, uitgediende paradigma nie. (bl 45)

("Reg kinders, soos wie wil julle wees? Hierdie slegte, lelike, ongenaakbare en agressiewe man hier links, of hierdie vriendelike, tolerante ou hier regs?")

Dit is 'n tema wat met die subtiliteit van 'n voorhamer deur die res van die boek gedra word. Kyk maar uit vir pretwoorde soos "fundamentalisme", "biblisisme", "simplisties" en so meer!

**Wêreldbeelde, kosmologieë en wat nog!**

Du Toit begin in hoofstuk een om vir ons te verduidelik waarom die Bybel nie meer vandag verstaan kan word soos jare gelede nie. Die antwoord is: Die Bybel is 'n produk van die voor-wetenskaplike tyd. Die wêreldbeeld van daardie tyd was as volg:



Die kosmos het uit drie lae bestaan: Hemel bo, aarde in die middel en doderyk onder.

Nou, met al die wetenskaplike kennis wat ons, kinders van die wetenskaplike of post-wetenskaplike tyd, tot ons beskikking het, is die Bybelse voor-wetenskaplike wêreldbeeld nie meer aanvaarbaar nie. Ons moet dus die Bybelse wêreldbeeld verwerp, en ophou om die Bybel volgens hierdie verouderde wêreldbeeld te interpreteer. Ons moet die Bybel interpreteer in die lig van die Nuwe paradigma wat du Toit vir ons sal wys.


Dit klink heeltemal reg, né?

Die probleem is net dat die diagram hierbo glad nie na enige wêreldbeeld verwys nie, maar na die voor-wetenskaplike kosmologie. Wêreldbeeld (Weltanschauung) beskryf 'n mens se beskouing van homself in verhouding tot die kosmos en die Skepper. Kosmologie beskryf hoe die mens dink dat die kosmos fisies lyk. Hoewel kosmologie en wêreldbeeld soortgelyk is, is dit beslis nie dieselfde nie. Afhangende van watter definisie van wêreldbeeld jy lees, maak kosmologie maar 'n klein deeltjie van wêreldbeeld uit, of selfs glad nie.

Dan maak du Toit nog 'n verdere verstommende afleiding: Die bestaan van die duiwel en demone is afhanklik van bogenoemde kosmologie. Waarom demone slegs in 'n drieverdieping kosmos kan bestaan of waarom 'n drieverdieping kosmos noodwendig demone voortbring verstaan ek regtig nie mooi nie, maar dit is beslis wat hy beweer.


Soos gesê, is daar baie definisies van wêreldbeeld. Ek verkies dié van David Hesselgrave[i], 'n bekende sendingwetenskaplike. Hesselgrave definieër wêreldbeeld as die mens se verstaan van drie verhoudings: Mens tot supernatuur, mens tot natuur en supernatuur tot natuur. Let op dat kosmologie absoluut geen rol speel in hierdie definisie nie.

Dit kan só voorgestel word.[ii]




Die mens en die natuur is horisontaal in verhouding met mekaar en beide is vertikaal in verhouding met die supernatuur.

Die Bybelse teïstiese wêreldbeeld kan as volg voorgestel word:




God is die skepper. Hy is alomteenwoordig, almagtig, alwetend. Hy is apart van die skepping en die skepping is apart van God. Die mens is nie God nie en God is nie die mens nie. God het die mens goed geskep, sodat Hy met die mens in verhouding kan wees. Die mens is aangestel deur God om oor die skepping te heers. Deur die sondeval is die mens se vertikale verhouding met God verbreek, en is ook sy horisontale verhouding met die skepping verbreek.

Hier is twee belangrike feite waarop gelet moet word:

Aan die een kant is die skepping apart van God, en dus op bestaansvlak (ontologies) outonoom van God. Dit beteken noodwendig dat die natuurwette vas moet wees. Bv as die versnelling van 'n voorwerp wat na die aarde val vandag x is, was dit 5000 jaar gelede ook x en sal dit oor 10 000 jaar steeds x wees.

Maar omdat God apart van die skepping en buite die skepping is, is Hy nie onderworpe aan die wette van die skepping nie. Dit is dus moontlik vir God om van buite af in te gryp bo-oor of buite-om die normale wette van die natuur.

Daar is dus twee belangrike afleidings wat mens kan maak van die Bybelse teïstiese wêreldbeeld:
1) Wetenskaplike navorsing en vooruitgang is moontlik omdat die natuurwette vas is. Ek glo dit is juis die ontdekking van hierdie waarheid tydens die Reformasie wat die ontploffing van die wetenskap moontik gemaak het.
2) Omdat God die Skepper is, buite die skepping staan en nie deur die natuurwette gebind word nie, is Hy in staat om bo-natuurlik in te gryp. Wonderwerke is dus heeltemal aanvaarbaar in hierdie wêreldbeeld.

Du Toit skep dus hier 'n strooipop, skiet dit af en vervang dit dan met sy eie alternatief. Hy maak 'n vals voorstelling van die Bybelse wêreldbeeld en maak dan die foutiewe afleiding: Dat ons nie meer die Bybelse wêreldbeeld kan aanvaar in die wetenskaplike en post-wetenskaplike era nie.

Dit is baie duidelik dat die Teïstiese wêreldbeeld ewe goed met enige kosmologie kan funksioneer: Of die aarde nou rond is en om 'n onbelangrike sonnetjie in 'n klein sterrestelseltjie aan die rand van 'n massiewe heelal wentel, en of die aarde plat is en op pilare staan in die middel van die kosmos, maak geen duit verskil nie.

**Verwar du Toit nie dalk die Bybelse wêreldbeeld met 'n vorm van animisme nie?**


Animisme is die wêreldbeeld waarvolgens die fisiese heelal deur die geesteswêreld animeer word.

Op bl 123 skryf du Toit:

> "In dié mate waarin 'n mens die paradigmaskuif van pre-modern na modern asook die ontwikkeling na die postmoderne tyd gesnap en in jou denkstruktuur geïntegreer het, behoort dit duidelik te wees dat die wêreld- en lewensbeskouing waarin alles verklaar word in terme van die stryd tussen God en die bose (of die duiwel) tot die premoderne denkstruktuur behoort. [...]
>
> "Intussen het dit duidelik geword dat die ervarings of gebeure of toestande wat in die premoderne tyd aan die stryd tussen goed en kwaad toegedig is nou verklarings het: Dit is nie die duiwel wat mense siek maak, aarbewings laat plaasvind, mense geestelik versteur, oorloë laat uitbreek mense mekaar laat haat of doodmaak en dergelike dinge nie. Dit is ook nie God wat mense, in sy woede oor hulle ongehoorsaamheid, straf met droogte, siektes en rampe nie."

Eerstens moet ek noem dat die Bybel wel soms die bogenoemde dinge direk aan die bose toedig. Daar is ook 'n duidelike verband tussen gehoorsaamheid aan God en voorspoed – maar nie altyd nie. 'n Hele paar Psalms verwys na die feit dat die goddelose juis dikwels voorspoedig is! (Bv Psalm 73) Maar dit is beslis nie die reël nie en kan dus nie as 'n integrale deel van die Bybelse wêreldbeeld beskou word nie. Die aangehaalde paragraaf is in 'n groot mate 'n wanvoorstelling van die Bybel. Ek sal dit later in meer detail behandel as ek die bestaan van die duiwel en demone bespreek.

In 'n animistiese wêreldbeeld is bogenoemde paragraaf van du Toit egter een honderd persent waar.




In die animistiese wêreldbeeld is die godheid dikwels afwesig of afsydig. Die fisiese skepping word ge-animeer deur die geesteswêreld. Die vertikale afstand tussen natuur en supernatuur word dus uitgewis. Alles wat in die fisiese werklikheid gebeur, het 'n parallel in die geestesrealm. Elke aardse plek het 'n plaaslike gees waarmee daar onderhandel moet word alvorens iets daar gedoen kan word. Siekte en teëspoed is by uitstek as gevolg van onsuksesvolle onderhandeling met die geestesrealm.

Die Ou Testament verwys dikwels na animistiese praktyke van die nasies rondom Israel, hulle huisgode, heilige boomstompe en offerhandes op die hoogtes. Maar die Bybel keur dit ten sterkste af en dryf selfs daarmee die spot. Die Ou Testamentiese spiritualiteit en kultus van Jahwe is in sy

geheel vry van animisme. Slegs op twee of drie plekke word verwys na demone. In die Nuwe Testament vind ons wel demoniese besetenheid, maar dit is beslis nie die reël nie. Ek sal later meer daaroor uitwy.

Alhoewel ek dit nie as 'n feit kan stel nie lyk dit tog asof du Toit animisme vereenselwig met die drie-verdieping kosmologie van die pre-wetenskaplike tyd. Dit was van toepassing op die heidennasies om Israel, maar dit is beslis nie die Bybel se wêreldbeeld nie.

Animisme is duidelik nie met wetenskaplike navorsing verenigbaar nie, omdat die natuur (volgens animisme) nie deur wette beheer word nie maar deur geeste. Daar is 'n rede waarom die wetenskap in die Europa van die Hervorming ontwikkel het, en nie in Afrika of die Verre Ooste nie.

**Wat is du Toit se wêreldbeeld?**

Du Toit is 'n panenteïs.

Op bl 113 beweer hy:

> " Indien ons dan sou aanvaar dat vir God om God te wees daar 'n minimum vereiste sal geld, naamlik dat Hy/Sy ongebonde aan ruimte en tyd moet wees, laat dit onmiddellik die moontlikheid oop om in hierdie konteks te kan praat van God as bron van alle energie. [...] Indien dit gelees word saam met die onvernietigbaarheid van energie, het ons hier te ongetwyfeld te doen met die moontlikheid dat die sigbare lewe van die mens na die dood bewustelik kan voortbestaan in die sfeer (bestaanswyse) van God."

Op bl 151 haal hy Hennie de Villiers bevestigend aan:

> " ...Jy is dus nie jou liggaam nie, jy is jou siel met liggaamlike, betekenisvolle ervarings. ***Jou siel is deel van 'n kosmiese siel, wat ons God kan noem..."***


En op bl 153:

> "Weliswaar word hiermee nie teruggekeer tot 'n premoderne wêreld en lewensbeskouing nie, maar is die spirituele voortbestaan van die mens na die dood, as onvernietigbare energie wat op een of ander manier opgeneem word in die dimensie van die Bron van alle energie (God) aangedui."

Hy stel sy panenteïsme baie duidelik op bl 183:

> "Op hierdie manier kan mens met die Godheid in 'n persoonlike verhouding leef en word sy spiritualiteit (die Gees van God) ook deel van die energievelde en atoomsamestelling van die mens."

Die invloed van twee denkers van die 20ste eeu kom baie sterk uit in du Toit se boek. Die eerste is Pannenberg[iii] en die tweede is Polkinghorne. Beide is panenteïste. Pannenberg is veral bekend vir sy teorie van God as "energieveld" wat die skepping onderlê. Dit lyk asof du Toit hierdie filosofie net so van Pannenberg oorgeneem het.




Die woord “pan” beteken “alles”. “en” beteken “in” en “theos” beteken “god”. Panenteïsme is dus “Alles-in-god-isme”. Alles is in God en God is in alles.

Let op dat God 'n dipool is (Dit is een van die pilare van Polkinghorne se teologie) : Hy besit 'n transendente, ewige pool wat buite tyd en ruimte staan, en hy besit ook 'n immanente pool, wat binne in tyd en ruimte is. Die immanente pool is die skepping. Die skepping is dus deel van God, of die “liggaam” van God terwyl God die “siel” van die skepping is. (Polkinghorne noem homself 'n “eskatologiese panenteïs”. Hy bedoel daarmee dat sy panenteïsme eers werklik sal realiseer wanneer God en die mens se gesamentlike geskiedenis voltooi is in die eschaton.)[iv]

Of in die geval van Pannenberg, (en dus ook du Toit) is God die energieveld wat die skepping onderlê. As mens in gedagte hou dat materie 'n omskakeling van energie is, beteken dit dat die skepping (en die mens) dus 'n materialisasie van God is.

Hierdie wêreldbeeld het bepaalde implikasies:
--Die mens staan nie werklik in vertikale verhouding tot God nie, omdat die transendente (ewige) pool van God nie wêrklik in die skepping kan ingryp nie.
--Die mens staan in horisontale verhouding tot God, omdat God ook die skeppping is, maar hy staan ook in verhouding tot God binne-in homself – in die sin dat hy self God is!
-- God is slegs deur sy immanente pool betrokke in die skepping, en omdat die immanente pool van God deel is van die skepping, of 'vasgevang is' in die skepping is Hy onderworpe aan die natuurwette van die skepping. God is dus nie almagtig nie!
--God is saam met die skepping in die *proses van* om geskep te word – die gekiedenis van die mens is ook God se geskiedenis. Dit is hoekom hierdie teologie dikwels “process theology” genoem word. (Dit is ook hoekom dit so goed inpas by die leer van evolusie.)
--Dus ken God nie noodwendig die toekoms van die skepping nie. God se toekoms hang dus weliswaar van die mens se vrye keuses af!

Volgens panenteïsme is die proses van skepping een van devolusie gevolg deur evolusie: Tydens devolusie materialiseer die skepping uit God uit, en gees word materie, en tydens evolusie groei die skepping terug uit materie na die Gees van God. Die mens is dus op die toppunt van die skepping – omdat hy méér as die res van die skepping vergeestelik het in die proses van evolusie terug na God.

Panenteïsme het dus hierdie belangrike afleidings:
1) Omdat die skepping volgens natuurwette werk, is wetenskaplike ondersoek en die ontwikkeling van die wetenskap moontlik.
2) Omdat God vasgevang is in hierdie selfde natuurwette is enige bonatuurlike goddelike ingryping buite die kwessie.

3) Panenteïsme het 'n besonderse affiniteit vir die evolusieleer, maar kan geensins met die Bybel vereenselwig word nie. 'n “Christelike” panenteïs kan slegs die Bybel aanvaar deur dit van alle bonatuurlike kenmerke te stroop.

**Hier is dus die keuse wat du Toit wil hê dat ons moet maak:**

Hy hou aan ons 'n vals weergawe van die Bybelse wêreldbeeld voor, omdat hy kosmologie verwar met wêreldbeeld, en skynbaar glo dat animisme onlosmaaklik verbind is aan hierdie kosmologie.

Op grond van hierdie wanvoorstelling, verwag hy ons moet 'n keuse maak tussen die vogende twee wêreldbeelde.
-- Die eerste (wat hy wil hê ons moet verwerp) laat ruimte vir wetenskaplike ontwikkeling, en moedig dit  aan, maar laat ook ruimte vir bo-natuurlike ingryping deur God in sy skepping. Dit is gebasseer op die Bybel en dus volledig versoenbaar met die Bybel.
--Die tweede (wat hy wil hê ons moet aanvaar) maak ook voorsiening vir ontwikkeling van die wetenskap, *maar nie noodwendig meer as die eerste nie.* Dit is totaal onverenigbaar met die Bybel omdat dit nie bonatuurlike ingryping van God in die skepping toelaat nie. Dit het 'n baie groter affiniteit vir die evolusieleer as die eerste.

Waarom sou mens panenteïsme wou  kies en Bybelse teïsme verwerp? Die een is op die oog af beslis nie méér rasioneel regverdigbaar as die ander nie!


Wat myself betref: As wetenskaplike kan ek nie evolusie aanvaar nie, om wetenskaplike redes. As gelowige het ek empiriese bewys van God se bonatuurlike ingrepe in my eie lewe, en word ek deur die Heilige Gees oortuig van die waarheid van die Bybel.

Wat du Toit betref? Die antwoord lê waarskynlik, op 'n rasionele vlak, in du Toit se epistemologie: Die studie van hoe ons weet dat ons weet wat ons dink ons weet. Ek noem dit sommer “weetkunde”.

Op spirituele vlak is panenteïsme rebellie teen God, omdat dit die mens tot god verhef. Die mens is dus nie onderwerp aan God se wette nie, en kan doen wat hy wil.

**Die Weetkunde van Pre-modernisme, Modernisme en Postmodernisme.**

Alhoewel die Kopernikaanse sprong van geosentrisme na heliosentrisme belangrik was, was die oorgang van pre-modernisme na modernisme in 'n groter mate die gevolg van 'n epistemologiese sprong as 'n kosmologiese sprong.
Die pre-moderne siening van die aard van kennis het as volg daar uitgesien.




Let asb op dat in al die diagramme die sirkel die fondasie van kennis verteenwoordig.

In pre-moderne epistemologie is die basis van alle kennis God se kennis. Omdat hy die Skepper van die kosmos is beskik Hy oor alwetende kennis van die kosmos, dus alle moontlike kennis. Die mens beskik slegs oor kennis wat deur God openbaar is, en dit is 'n infinitesimale deelversameling van die Goddelike kennis. Die enigste sekerheid is dat God bestaan, en ons sekerheid lê in ons geloof in Hom. Die deel van ons kennis wat die sirkel sny, is ware kennis. Die deel van ons kennis wat buite die sirkel lê is vals.

Die groot probleem van die premoderne epistemologie is die onvermoë om te onderskei tussen algemene openbaring (die wetenskap en die natuur) en besondere openbaring (Die Bybel en die Heilige Gees). As gevolg van hierdie gebrek aan onderskeid is wetenskap en godsdiens as een gesien. Daar is dus in die alchemie ('n pre-wetenskap van die pre-moderne tyd) gestreef na persoonlike heiligheid as voorwaarde vir alchemiese kennis (om basismetale te kan transmuteer na edelmetale). Ons weet vandag dat kennis van die besondere openbaring nie 'n voorvereiste is vir kennis van die algemene openbaring nie, Paulus is baie duidelik daaroor in Romeine 1.

'n Tweede gevolg van die gebrek aan onderskeid tussen algemene en besondere openbaring was die feit dat dit die Rooms-Katolieke Kerk volle beheer gegee het oor alle wetenskaplike navorsing en kennis. Dus kon hulle Copernicus en Galileo vervolg omdat hulle wetenskaplike bevindings die kerk se dogma rakende kosmologie weerspreek het.


Die Reformasie het hierdie houvas van die kerk op die wetenskap verbreek. Die eerste gevolg van die vernietiging van Rome se mag oor denke was dat daar groter vryheid in die wetenskap was, die tweede was dat mense wat nie in God geglo het nie nou openlik ander wêreldbeelde kon verkondig - wêreldbeelde waarin daar geen plek vir God is nie.




Die naturalistiese wêreldbeeld ontken die bestaan van die supernatuur, en kan dus nie soos ander wêreldbeelde met 'n driehoek uitgebeeld word nie, slegs 'n horisontale lyn. Dit vernietig dus die basis van die van pre-moderne epistemologie.

René Descartes wou sy Rooms-Katolieke geloof verdedig teenoor ateïste, en het 'n nuwe epistemologie gevestig wat begin in die mens se eie rede. Sy beroemde stelling, “Cogito ergo sum” (ek dink daarom is ek) spruit uit die volgende redenasie: Geen kennis is seker nie, selfs nie kennis wat deur die sintuie verskaf word nie, omdat die sintuie nie altyd vertrou kan word nie. (Is kerswas byvoorbeeld hard en koud, of is dit vloeibaar en warm?) Die enigste feit waarvan ek seker kan wees is die feit dat ek dink – of selfs twyfel. My eie denke (of twyfel) is dus die onteenseglike bewys dat ek bestaan. Vanuit hierdie sekerheid, of Aristoteliaanse fulkrum, word alle ander kennis deur die menslike rede afgelei. (Aristoteles het gesê, “Gee my 'n lang genoeg hefboom en 'n fulkrum om dit op te plaas en ek sal die aarde beweeg.” Hans Kung gebruik dit in sy boek “Does God Exist?” as metafoor vir Descartes se “cogito ergo sum”.)


Die moderne epistemologie lyk dus so:




Weereens dui die sirkel op die basis van kennis, in hierdie geval is dit die mens se rede. Die deel van die sirkel buite die reghoek, wat alle moontlike kennis voorstel, is dit wat ons dink ons weet maar wat vals is. Die mate van sekerheid waaroor ons beskik, word aangedui deur die mate waarin die sirkel en die reghoek mekaar sny. Soos die moderne era verloop het het die mens se vertroue in sy eie kennis maar redelik gefluktueer.

So wat is postmodernisme?


Postmodernisme deel dieselfde basiese epistemologiese model as modernisme. Daar is geen dramatiese verskuiwing van pole soos van pre-modernisme na modernisme nie. Wanneer 'n ongedefinieerde grens tussen sekerheid en onsekerheid oorgesteek word, word die epistemologie postmodern. Die diagram hieronder stel dus die "postmodernisering van modernisme" voor.




Daar sal natuurlik, sover dit ons wetenskaplike kennis betref, altyd onsekerheid wees. Dit is een van die voorverondestellings van die wetenskaplike proses. Dit is egter duidelik dat, wanneer die sirkel van menslike kennis buite die grense van die reghoek beweeg, daar geen sekerheid meer kan wees nie. DA Carson [v]noem hierdie posisie "harde postmodernisme".

Omdat daar geen basis vir sekerheid is nie is alle kennis relatief. Kennis funksioneer dus slegs in sosiale strukture. Enige aanspraak op kennis is voorlopig (hoeveel keer gebruik du Toit die woord "voorlopig" in sy boek?) en is 'n sosiale konstruk. Elke sosiale eenheid maak dus sy eie konstruk van seker kennis, en iemand uit een sosiale struktuur kan baie moeilik toegang kry tot die kennis- of

werklikheidskonstruk van 'n ander sosiale struktuur. Ons kan dit grafies so voorstel:




Nie een van die konstrukte kan aanspraak maak op eksklusiwiteit of op die ware/absolute werklikheid nie. Daar is dus nie iets soos een absolute waarheid en baie leuens nie, slegs 'n veelvoud van relatiewe (selfs radikaal weersprekende) waarhede.

Du Toit skryf op bl 67:

> "...daar bestaan nie iets soos 'objektiewe feite of standpunte' wat absoluut finaal is nie. 'Suiwer kennis' is 'n illusie."

Wanneer ons du Toit se wêreldbeeld en epistemologie verstaan kan ons voortgaan om die res van sy boek te ontleed. Ons sal sien dat sy hermeneutiek (Bybel lees- en ontleedkunde) die direkte uitvloeisel is van sy epistemologie. Net so is sy totale teologie die uitvloeisel van sy panenteïstiese wereldbeeld en sy postmoderne epsitemologie.

Ons sal ook sien dat sy sisteem ernstige interne teenstrydighede het.

**Konflik tussen die wetenskap en godsdiens.**

Ek moet net hier noem dat die "konflik tussen wetenskap en godsdiens" nog altyd 'n vals voorstelling was: Dit was nog nooit konflik tussen die wetenskap as sodanig en godsdiens nie maar altyd 'n konflik tussen moderne epistemologie wat die bestaan van die Godheid ontken, en godsdiens. Die wetenskap is geensins van moderne epistemologie afhanklik nie. Dit kan net so goed funksioneer teen die agtergrond van 'n ware, Bybelse epistemiologie. Die feit dat soveel van die grootste wetenskaplikes in God geglo het, en steeds glo, bewys dit.

Ek sal beslis nooit betoog dat ons moet terugkeer na voor-wetenskaplike kosmologie nie (soos du Toit ook tereg sê ons nie kan doen nie). Ek glo wel die kerk en die wetenskap moet terugkeer na 'n Bybelse wêreldbeeld en 'n Bybelse epistemologie. So 'n epistemologie sal baie soos die pre-moderne epistemologie lyk, waar die basis van alle kennis en sekerheid die Goddelike kennis is. Daar sal egter 'n duidelike onderskeid getref word tussen die algemene openbaring (die wetenskap, wat deur die wetenskpalike proses ontsluit word) en die besondere openbaring (die Bybel en die Heilige Gees se werking), soos Paulus dit ook doen in die boek Romeine.

Hierdie is glad nie vergesog nie. Daar is 'n beweging onder Christen wetenskaplikes om hulle

geloof in God as die basis van hulle wetenskaplike navorsing te beskou, en nie as in konflik met hulle wetenskap nie.'n Goeie voorbeeld hiervan is die “Intelligente Ontwerp”-beweging (Behe en Dembski, onder andere) wat 'n goeie wetenskaplike alternatief vir die wetenskaplik-onverantwoordbare Darwinisme bied.

Indien harde posmodernisme die heersende epistemologie in ons kultuur word, sal alle wetenskap tot 'n einde kom, want harde postmodernisme vernietig die basis van rasionele denke.

Ons is dus vinnig op pad na die Nuwe Donker Eeue, ten spyte van die feit dat du Toit sê ons kan nooit daarna terugkeer nie. Juis sy beroep dat ons na hierdie paradigma moet oorskuif, sal dit bewerkstellig!

**Die Bybel**

Wanneer ons du Toit se hantering van die Bybel ondersoek moet ons die volgende in gedagte hou.

1) Voortvloeiend uit sy postmodernde epistemologie (weetkunde) verwerp hy die moontlikheid van Goddelike openbaring, omdat alle kennis oorsprong het in die mens se rede.
2) Sy postmoderne epistemologie dwing hom om 'n sekere hermeneutiese (Bybel lees en uitlegkundige) benadering te volg.

Ek het reeds aangedui dat die sogenaamde paradigmaskuif wat hy beweer plaasgevind het of moet plaasvind vals is. (bl 64) Daar is in der waarheid drie paradigmas ter sprake: Die voor-wetenskaplike kosmologie, wat ons in die wetenskaplike tyd wel moet verwerp, die pre-moderne epistemiologie wat tydens die verligting verwerp is ten gunste van die (vals, uit 'n bybelse oogpunt) moderne epistemologie, en die Bybelse teïstiese wêreldbeeld, wat vervang is met verskeie ander wêreldbeelde - ateïsme, deïsme, panteïsme, panenteïsme en marxisme.

Vir die gelowige Christen is die enigste paradigmaskuiwe wat moes plaasvind sover dit die Bybel en sy geloof aangaan die van die kosmologie. Pre-moderne epistemologie moet aangepas word om ruimte te maak vir die ontsluiting van die algemene openbaring deur die wetenskaplike proses. Die Bybelse wêreldbeeld is konstant en steeds net so geldig soos in die tyd van Moses, Jesaja en Jesus.

**Du Toit verwerp die moontlikheid van Goddelike openbaring, op grond van sy epistemologie.**

Op bl 68 beweer hy in respons op die argument dat die Bybel “deur God ingegee”is:

> “Hierdie benadering tot die saak is egter futiel. Al wat so 'n beskouing blootlê, is die feit dat dié wat so 'n standpund handhaaf reeds met vooropgestelde idees na die Bybel gaan; met sekere vooroordele wat nie verreken word in die interpretasieproses nie en wat daardeur die Bybelse skrifte 'onkontekstualiseer'. Dit sou beteken dat, nog voordat gevra word (deur sodanige ondersoek) na die aard van die Bybel, daar reeds vooraf besluit word wat dit sal wees. So 'n benadering is onwetenskaplik en ontdaan van integriteit.”

In plein Afrikaans: As jy glo die Bybel is deur God geïnspireer is jy “ontdaan van integriteit”. (Voeg hierdie frase maar in by die lys van pretwoorde!)

**Du Toit sluit skynbaar by ander postmoderniste aan in sy hermeneutiek**

Op bl 65:

> "Aan die ander kant moet ons ook besef dat die wêreld van die Bybel en die wêreld waarin ons leef so ver van mekaar verwyder is dat dit vir ons feitlik onmoontlik is om die inhoude van die Bybelse dokumente presies te rekonstrueer, om te sê dat ons presies weet wat en hoe alles gebeur het."

Met die eerste oogopslag lyk dit na 'n redelike stelling. Ons sal nooit met alwetende kennis omtrent enige onderwerp hê nie. Die probleem met die stelling is dat du Toit nie die mate van onsekerheid wat hy hier aanvoer omskryf nie. Hoe presies is presies? Beteken dit ons kan glad nie weet wat gebeur het nie? Beteken dit ons kan bo redelike twyfel seker wees wat gebeur het? ("Bo redelike twyfel" pas tog sekerlik ook in by die stelling?)

**Ek gaan eers bespreek hoe tekste volgens die verskeie epistemologieë interpreteer word, en kom dan terug na du Toit se stelling.**


Ek is nie 'n teoloog nie, en het geen opleiding in die hermeneutiek nie. Die volgende is dus nie noodwendig gebaseer op die formele wetenskap van hermeneutiek nie, maar op insigte wat ek opgedoen het uit nalees oor die kommunikasiewetenskap.

Elke kommunikasie proses se doel is om die bedoeling van die bron (die persoon wat kommunikeer) getrou aan die die respondent (die persoon met wie kommunikeer word) oor te dra.

Die bron enkodeer die boodkap onderhewig aan sy historiese, sosiale en persoonlike konteks. Hy enkodeer dit met taal, idioom, en sy eie styl in 'n sekere literêre genre. Die boodskap word in die medium oorgedra na die respondent. Hierdie oordagsproses word beïnvloed deur die tekstuele geskiedenis en die geskiedenis van die manuskrip self. Wanneer die respondent die boodskap ontvang en dekodeer moet hy die bron se volledige konteks, die manier van enkodering (taal, idioom, styl en genre) en die oordragsproses verreken. Hy moet ook sy eie konteks (histories, sosiaal en persoonlik) verreken in die proses sodat dit nie die dekoderingsproses kontamineer nie.

Dit is dus van kardinale belang dat die respondent toegang moet hê tot die konteks van die bron. Dit beteken daar moet 'n gedeelde werklikheid bestaan tussen die bron en die respondent.

## Teksuitleg volgens 'n moderne epistemologie





**Moderne skrifuitleg**

Die moderne proses erken dat die kennis van die bron se konteks nie perfek is nie, maar ook dat sodanige kennis wel genoegsaam is om die boodskap te dekodeer. Ons weet byvoorbeeld presies

wat die mense in Jesus se tyd se wêreldbeelde was, omdat ons toegang het tot hulle godsdienste en filosofiee. Ons het 'n goeie idee van die kultuur van daardie tyd. Ons kan ook redelike rekonstruksies doen van die politieke en maatskaplike omgewing van die eerste eeu.

Hierdie skema sou geld vir enige normale historiese teks wat op wetenskaplike wyse ontleed moet word. Indien dit op die Bybel toegepas word is dit egter ontoereikend omdat die Goddelike openbaring van die teks nie verreken word nie.

**Teksuitleg volgens 'n postmoderne epistemologie**




Postmoderne skrifuitleg

As mens terugverwys na die diagram wat postmodernde epistemologie (weetkunde) voorstel, sal mens sien dat omdat daar geen sekerheid is nie, daar ook geen diskriminasie tussen waar en nie-waar kan wees nie. Daar is dus ruimte vir verskillende waarheidskonstrukte wat gekoppel is aan verskillende gemeenskappe. Postmodernisme wil hê dat iemand van een gemeenskap baie moeilik toegang kan hê tot die waarheidskonstruk van 'n ander gemeenskap.

Is dit dalk wat du Toit bedoel as hy sê op bl 65?

> "Aan die ander kant moet ons ook besef dat die wêreld van die Bybel en die wêreld waarin ons leef so ver van mekaar verwyder is dat dit vir ons feitlik onmoontlik is om die inhoude van die Bybelse dokumente presies te rekonstrueer, om te sê dat ons presies weet wat en hoe alles gebeur het."

Die gevolgtrekking is dat die respondent geen toegang tot die konteks van die bron het nie, en dus nie die nodige kennis kan hê om die boodskap te kan dekodeer nie.

**Postmodernisme oorkom hierdie probleem met die proses van tekstuele dekonstruksie.**

Dekonstruksie beteken dat die respondent twee dinge doen.
--Omdat hy nie toegang het (of glo dat hy nie toegang het) tot die bron se konteks nie, gebruik hy sy eie konteks om die betekenis van die teks te ontsluit. Die gevolg hiervan is dat 'n teks vir een persoon een ding sal beteken en vir 'n ander persoon iets anders. Die twee teksontledings se gevolgtrekkings mag heeltemal teenstrydig wees van mekaar maar beide is volgens die postmodernis ewe geldig en korrek. Onthou dat daar geen diskriminasie kan wees tussen waar en nie-waar nie!
--Omdat die bron se bedoeling volgens die postmodernis nie bepaal kan word nie, besluit die respondent wat die bron se eintlike bedoeling dan sou wees.

My eerste kontak met dekonstruktiewe teksanalise was toe ek betrokke was in gesprekke oor die analise van fiksie. Die teks ter sprake was Hans Christian Andersen se “Die Klein Meerminnetjie”. Ons weet uit Andersen se konteks (buite-tekstuele bronne) dat hy 'n gelowige Christen was. Die tema van om jou lewe te gee ter wille van die wat jy liefhet kom baie sterk deur in “Die Klein Meerminnetjie”. Die persoon wat die teks dekonstrueer het was 'n liberale feminis. Sy het beweer dat Andersen se doel was om manlike seksuele dominansie oor die vrou te bevestig. Die meerminnetjie as vis was 'n aseksuele wese. Toe sy bene gekry het, het sy 'n seksuele wese geword. Die persoon het toe verder op hierdie tema uitgewei, en myns insiens heeltemal foutiewe afleidings gemaak.

Sy het die beginsels van dekonstruksie toegepas:
--Sy het haar eie konteks (liberale feminisme) gebruik om die teks te ontleed in plaas van die bron se konteks.
--Sy het haar eie afleidings gemaak oor die eintlike bedoeling van die bron: Die bevestiging van manlike seksuele dominansie oor die vrou.

**Watter hermeneutiese beginsels pas du Toit toe?**

Ons gebruik die eerste hoofstuk van die boek Lukas as voorbeeld.

Volgens aanvaarbare Bybelse hermeneutiek sal die literêre styl en die bedoeling van die outeur in ag geneem word:

> 1 Aangesien baie onderneem het om ’n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is, 2 soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het, 3 het ek ook dit goedgedink, hooggeagte Theófilus, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe, 4 sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.

Die literêre styl en genre van die boek, is volgens die skrywer, 'n geskiedkundige relaas. Die skrywer erken dat hy nie die primêre bron van die inligting is nie maar dat dit deur ooggetuies oorgedra is. Die skrywer is dus hoogstens 'n sekondêre bron. Uit ander bronne weet ons dat die skrywer Lukas is. Ons weet dat Lukas 'n medewerker van Paulus was, en uit die eerste persoon dele van die boek Handelinge weet ons dat hy die wêreld vol gereis het saam met Paulus, ook na Palestina. Ons kan dus met groot vertroue aanneem dat hy self met die “ooggetuies” wat hy in vers twee noem, gepraat het. Dit sluit natuurlik Maria in. (Sy kon maklik 80 jaar oud geword het!) Lukas is die langste van al die evangelies met baie ekslusiewe materiaal. Daar is dus heelwat oorspronkilike geskiedkundige navorsing in vervat!

Die doel van die boek, volgens die skrywer, is sodat die respondent “met volle sekerheid kan weet”.

> 26 En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na ’n stad in Galiléa met die naam van Násaret, 27 na ’n maagd wat verloof was aan ’n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria.

> 34 Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? 35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.

Hier volg du Toit se skrifuitleg van die eerste boek van Lukas:

> "Buitendien bly dit nog steeds 'n vraag of die verwysing na die "maagd" Maria 'n aanduiding was van 'n fisiologiese toestand, of 'n aanduiding van sosiale status: Dat sy met ander soorde 'n ongetroude jongmeisie was. Wat presies gebeur het sal ons nooit werklik weet nie. Die inligting is heeltemal te kripties en onvolledig." (bl 137)

> "Binne die postmoderne tyd word sulke standpunte egter gelees en gesien binne die historiese konteks van daardie tyd- met al dit wat die historiografie ons vandag leer; met dit wat ons weet via die literêr-wetenskaplike insigte. Dit sou ons kon uitbring by die gevolgtrekking dat ons waarskynlik nooit regtig sal weet wat bedoel is met "gebore uit die maagd Maria" nie, maar buitedien sal dit nie dieselfde kennisbasis hê as waaroor ons vandag beskik vanuit mediese navorsing nie. Hoekom nie? Want die Bybelse geskrifte is voorwetenskaplik en werk met 'n voorwetenskaplike wereld- en lewensbeskouing." (bl 148)

Du Toit se wêreldbeeld (panenteïsme) verhoed hom om in bonatuurlike gebeure te glo. Hy kan dus a priori nie glo dat 'n engel Maria besoek het nie. Hy kan onmoontlik glo in bonatuurlike partenogenese (maagdelike konsepsie sonder manlike saad). Sy postmoderne epistemologie verhoed hom om in Goddelike openbaring te glo.

Hy kan dus, as gevolg van sy diepliggende vooroordele, die teks nie op sigwaarde aanvaar nie. Indien hy nie bevooroordeeld was nie sou die inligting geensins vir hom"onvolledig en kripties" wees nie. Vir my is dit so helder soos kristal!

Kom ons kyk hoe dekonstrueer hy die teks.

1) Hy stel dat die teks behoort tot 'n ander werklikheidskonstruk: "Want die Bybelse geskrifte is voorwetenskaplik en werk met 'n voorwetenskaplike wereld- en lewensbeskouing."
2) Dié werklikheidskonstruk is nie meer geldig vandag nie, want ons het 'n ander siening van die werklikheid: "...maar buitedien sal dit nie dieselfde kennisbasis hê as waaroor ons vandag beskik vanuit mediese navorsing nie." Let op dat hy nie beweer dat die teks vals is nie. Dit is net 'n ander werklikheid. In postmodernisme kan twee absoluut teenstrydighede gelyk waar wees!
3) Ons het in elk geval nie toegang tot die werklikheidskonstruk van die teks se bron nie, en sal dus nooit kan weet wat gebeur het nie! "Dit sou ons kon uitbring by die gevolgtrekking dat ons waarskynlik nooit regtig sal weet wat bedoel is met "gebore uit die maagd Maria" nie" en "Die inligting is heeltemal te kripties en onvolledig." Dit ten spyte van Lukas se verklaarde doel met die boek "dat u met sekerheid kan weet"!

4) Hy gaan dus voort en ontleed die teks vanuit sy eie postmoderne, postwetenskaplike konteks.
5) Die onvermydelike gevolgtrekking wat mens moet maak is dat Maria wel gemeenskap met 'n man gehad het. (Die Jode van die vroë eeue het 'n storie versprei dat dit 'n Romeinse soldaat met die naam Pantera was.) Haar eintlike motief vir die storie dat sy deur 'n engel besoek is en deur die Heilige Gees oorskadu is, is dus om haar buite egtelike swangeskap te verbloem. Du Toit stop voor hy hierdie hierdie afleiding maak, maar dit volg onvermydelik uit sy redenasie.

Dit bring my by die beroemde filosoof Humpty Dumpty se uitspraak:



'When I use a word,' Humpty Dumpty said, in rather a scornful tone, 'it means just what I choose it to mean — neither more nor less.'

'The question is,' said Alice, 'whether you can make words mean so many different things.'

'The question is,' said Humpty Dumpty, 'which is to be master — that's all.'

(Lewis Carrol, Through the Looking Glass)

Die vraag is, vra ons saam met die verwarde Alice, kan woorde regtig soveel dinge terselfdertyd beteken?

Het woorde dan enigsins betekenis?

Du Toit regverdig dan sy ongeloof en dekonstruksie van die teks as volg: Dit is tog nie nodig dat Jesus uit 'n maagd gebore moes wees om ons redder te wees nie! (bl 148)


Miskien tog nie. As God sou besluit om dit nie so te doen nie kon Hy mos dit anders gedoen het! Maar as is verbrande hout. Die realiteit is dat God wel besluit het om Homself deur die maagdelike konsepsie in Maria in die wêreld in te bring.

As ons hiérdie openbaring van God verwerp, verwerp ons Sy openbaring in geheel.

**Die alternatief: Hermeneutiek gebaseer op 'n Bybelse epistemologie en wêreldbeeld.**

Volgens die Bybelse wêreldbeeld is dit heeltemal moontlik vir God om op bonatuurlike wyse in die skepping in te gryp. Volgens Bybelse epistemologie kom alle kennis van God af, via algemene of via besonderse openbaring. Daar is dus geen a priori rede waarom ons nie die betekenis van die teks op sigwaarde kan aanvaar nie.

En dan is daar nog 'n belangrike konsep wat mens moet verstaan in die proses van Bybelse hermeneutiek: Die Heilige Gees het nie net die skryf van die Bybel inspireer nie, Hy inspireer ook die respondent met die lees daarvan!




Skrifuitleg volgens Bybelse epistemologie

Die Bybel stel hierdie beginsel baie duidelik in 2 Petrus 1

> 20 Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, 21 want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.

Die beginsel is: die Bybel is deur die Gees geinspireer. Dit is slegs deur die Gees dat ons dit kan verstaan.

Du Toit verwerp hierdie benadering tot die skrif eksplisiet op bladsy 85.

> "Die argument van hierdie standpunt is eenvoudig: Wil jy weet of die Bybel gesag het, of dat God die Bybel geskryf het? Gaan vra die Bybel self! Dit staan tog duidelik daar: "Die hele skrif is deur God geïnspireer..." (2 Tim 3:16) en "Geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie... Deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom verkondig" (2 Pet 1:20-21) [...] Die grondbrobleem met hierdie standpunt is dat 'n mens nie op iets self kan beroep om hierdie iets te verifieer nie..."

Hy gaan dan voort en verduidelik die konsep van 'n self-referente sisteem aan die hand van 'n motorverkoopsman wat sy eie produk ophemel.

Die fout wat du Toit hier maak is dat hy die punt van die Bybel hier totaal mis: Die teks wat hy aanhaal uit 2 Petrus maak die beginsel duidelik dat die Heilige Gees betrokke is by die skryf sowel as die lees van die teks. Daar is verskeie ander tekste wat mens kan aanhaal, hier volg slegs twee.

> 2 Kor. 3:5: Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God.

> 1 Kor. 12:3: …niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees.

Die Bybel se bedoeling is dus nooit om self-referent te wees nie. Die gesag van die Bybel kom vanaf 'n eksterne referent, die Heilige Gees, wat die leser van die waarheid van die Bybel oortuig.

As gevolg van sy diepliggende vooroordele teen Goddelike openbaring lyk dit asof hierdie konsep du Toit totaal ontgaan. Op bl 81 noem hy wel dat die Bybel vir ons (nie vir ander nie) wel outotireit het omdat ons dit glo. Dit maak dit egter glad nie uniek nie, en onderskei dit op geen manier van die Koran, of die Boek van Mormon, wat ook outoriteit in die spesifieke geloofsgemeenskappe het omdat die mense dit glo nie.

Die Bybel is uniek as gevolg van die werking van die Heilige Gees tydens die skryf én die uitlê daarvan, en du Toit ontken hierdie uniekheid van die Bybel in sy geheel.

Die kernvraag is, kan die wetenskap (in hierdie geval hermeneutiek) van die wetenskaplike verwag om die ingryping van God te verreken? Dit hang af van jou epistemologie. En soos ek uitgewys het, die moderne / postmoderne epistemologie het geen rasionele voorsprong bo 'n Bybelse epistemologie nie.

**Gevolgtrekkings**

Du Toit se teologie is nie gebaseer op sy uitleg van die skrif nie. Sy teologie sowel as sy skrifuitleg is skynbaar die gevolg van sy wêreldbeeld (panenteïsme) en van sy onkritiese aanvaarding van 'n onbybelse epistemologie (alle kennis begin by die rede van die mens).

Ware teologie begin by die openbaring van God. Vals teologie begin by die rede van die mens, en stel dus die mens se eie rede bo die openbaring van God.

Dit is dus in wese rebellie teen God.

**Kan ons God ken?**

Volgens du Toit kan ons God nie ken nie.

> "Omdat ons oor God nooit anders kan praat as om te interpreteer nie en omdat ons van God net kan weet op grond van interpretasies van interpretasies, moet ons die insig hê dat God nooit direk waargeneem of verstaan kan word nie. Trouens, enige poging in die verlede, hede of toekoms om God presies te ken en te verstaan, om dan so aanspraak te maak op absolute en finale kennis van God, moet as uiters verdag beskou word." (bl 114)

Let op die woorde "presies te ken en verstaan" en "absolute en finale kennis".

Dan sê hy:

> "Ons sal nooit oor God kan beskik en ons kennis oor hom sal altyd voorlopig bly." (bl 114)

En op bl 115:

> "Via die modernisme het ons nou in die postmoderne tyd aangeland by die wete dat sodanige absolute kennis 'n vergissing is: Ons ken voorlopig en ons ken ten dele (in ons Godsgeloof is dit juis omdat ons met God te make het dat dit waar is!). Daarom is ons kennis relatief – soos almal s'n. Daarom het ons (godsdienstig gesproke) nie die volle waarheid in pag nie."

En dan kom die finale gevolgtrekking oor kennis van God:

> “Hy wat weet dat hy niks van God weet nie ken God dalk die beste.
>
> “Dit beteken nie dat ons in onsekerheid lewe nie, maar net dat ons ons eie kennis altyd toets en krities bevraagteken, met die oog daarop om altyd nog beter te verstaan en vaster te glo. Ons wil liewer verstaan dat ons nie alles weet nie, as om nie te weet dat ons nie alles weet nie terwyl ons dink dat ons alles weet.” (bl 116)

Die vraag is, hoeveel weet ons wel? Dit is moeilik om uit die teks vas te stel presies wat du Toit dink ons wel kan weet, maar ek glo ons moet sy woorde op sigwaarde neem: “Hy wat weet dat hy niks van God weet nie ken God dalk die beste.”

Volg du Toit se redenasie: Ons kan nie God “presies ken en verstaan” nie, daarom kan ons nie “abolute en finale kennis” van Hom hê nie. Met ander woorde: Ons kan nie alles van God weet nie daarom kan ons niks van God weet nie. (Dit beteken egter nie ons is onseker nie. Ons is seker van ons onkunde!)

Gestel ek sou beweer “As jy nie alles van lugvaart ingenieurswese kan weet nie beteken dit jy kan niks daarvan weet nie.” Maak dit sin? Dit is presies die redenasie wat du Toit skynbaar oor God volg. En dit is die groot vals antitese van postmodernisme. As mens nie alwetende kennis oor iets het nie het jy geen kennis daaroor nie.

Het die Wright broers genoeg van lugvaart ingenieurswese geweet om 'n man op die maan te plaas? (Het hulle lugvaart ingenieurswese “presies geken en verstaan?”) Duidelik nie. Het hulle genoeg van lugvaart ingenieurswese geweet om die eerste swaarder-as-lug selfaangedrewe vlug te kan maak? Absoluut.

Hulle kennis was “absoluut” want dit was waar. Dit het hulle in staat gestel om te vlieg. En alhoewel die omvang van die kennis nie finaal was nie, was die aard van hulle kennis “finaal”: Die beginsels van lugvaart ingenieurswese wat hulle gevestig het staan grootliks net so vandag. Dit is in die afgelope eeu nog nie verkeerd bewys nie.

Onvolledige kennis beteken nie noodwendig dat die kennis wat jy wel het nie absoluut (waar) en finaal (sal nie verander nie) is nie. Dit beteken slegs dat daar ruimte is vir die toevoeging van nog meer kennis!

Net so sal ons nooit in tyd of ewigheid volledige kennis van God kan hê nie. God is oneindig, dus is dit onmoontlik vir 'n eindige intellek om Hom volledig te ken. Maar dit beteken nie dat die bietjie kennis wat ons wel van Hom het nie absoluut en finaal is nie!

**Die kennis wat ons van God het is genoeg om Hom intiem te ken en in 'n liefdesverhouding met Hom te staan.**

Dit is ook genoeg vir ons verlossing!

En hoe kan ons God ken in die 21ste eeu? Hy openbaar Homself aan ons deur die Bybel en Sy Gees!

Die Bybel is duidelik van Genesis tot Openbaring: Ons kan God seker ken omdat Hy Hom aan ons openbaar. En omdat dit God self is wat Hom aan ons openbaar is ons kennis oor Hom wel

“absoluut” en “finaal”, al is dit beperk. Dit is waar en sal in alle ewigheid nooit verkeerd bewys word nie.

Maar du Toit verwerp juis die Goddelike openbaring van die Bybel, en die inwerking van die Heilige Gees in die Bybelleser! Du Toit se beskouing van God as die Totaal Onkenbare  is dus die direkte gevolg van sy epistemologie en wêreldbeskouing en niks te doen het met wat die Bybel leer oor God nie.

Die onvermydelike vraag is, hoe weet du Toit dan dat sy panenteïstiese wêreldbeeld (wat hy skynbaar in glo) waar is?

Die antwoord is hy weet nie. En dit bring ons by die volgende punt:

**Du Toit se universalisme.**

Op bl 115 skryf du Toit

> “In die premoderne denkstruktuur het die klem geval op eksklusiwiteit. Hierdie appél op sekerheid deur middel van absolute waarhede het die weg gebaan vir eksklusiewe geloofsgroeperinge: Elkeen het geglo sy/haar groep, geloofsgemeenskap, kerk of geloof is die engiste ware een. Almal wat nie so glo nie is verwerp, verlore, verdoem. Slegs die uitverkorenes, of ingewydes, sal begunstig word. Hierdie begunstiging word bepaal deur geloof en handelinge.
>
> Via die modernisme het ons nou in die postmoderne tyd aangeland by die wete dat sodanige absolute kennis 'n vergissing is...”

En op bl 117:

> “Dit beteken dat iemand wat met die bewussyn van hierdie prosesse leef nie meer eksklusief kan dink oor God, die kerke en die Christendom as sodanig nie, maar inklusief.”

Let op: Ons kan nie meer “eksklusief dink oor die Christendom as sodanig” nie. Die waarheid van die Christelike godsdiens is slegs 'n sosiale konstruk. Dit kan geen groter aanspraak op absolute waarheid maak as enige ander godsdiens nie.

Jesus verklaar “Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie.” En na die uitstorting van die Heilige Gees getuig Petrus voor die Joodse raad: “Verlossing is in niemand anders te vinde nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan die mensdom gegee waardeur mense gered sal word nie!”

Die Christelike godsdiens het ontspring in die politeïstiese wêreld van eerste eeuse Helenisme. Daar was tientalle, honderde gode. Daar was altyd plek vir nog 'n god.

Waarom is die Christene dan so vervolg? Omdat hulle maar net nog 'n God gebring het?

Die wêreld het hulle gehaat juis omdat hulle eksklusief was. Voor hulle God was daar eenvoudig nie plek vir ander gode nie. En as hulle moes kies tussen Jesus en die keiser as Here het hulle elke keer Jesus gekies (Al het hulle die keiser se politieke mag oor hulle erken en belasting betaal!)

Laer af op bl 117 skryf du Toit dat ons inklusief moet dink oor mense wat anders as ons dink binne die Christelike paradigma. Dit maak egter nie wat hy skryf oor die eksklusiwiteit van die "Christendom as sodanig" ongedaan nie!

**Wat van boosheid?**

As God in alles is en alles in God is, soos panenteïsme beweer, waar is daar dan plek vir boosheid? Alles is mos in God of deel van God, daarom sou boosheid ook in God of deel van God moes wees. Kan daar dus 'n skepsel van God wees wat slegs boos is? Kan enigiets dus net boos wees?

Dit is wat panenteïsme leer: Die skepping is die uitkristalisasie van die Gees van God. Dit is afskeiding van God. In die proses van afskeiding "vergeet" die skepsel dit is eintlik God, en die gevolg is boosheid. Omdat God beperk is in die skepping en beperk word deur die skepsel se vrye wil, is Hy nie by magte om boosheid te keer nie.

Dus: Boosheid is onvermydelik deel van die skepping, en God kan dit nie keer nie.

En du Toit verkondig presies dit in sy boek: Dat die boosheid onvermydelik die gevolg is van die skepping. Hy gebruik egter 'n ander argument om die punt te probeer bewys. Ons weet hy is waarskynlik 'n panenteïs, uit sy uitsprake oor God as energie (Pannenberg) en dat ons deel is van die gees van God.

**Vals dualisme**

Du Toit beweer op bl 120:

> "Die feit van kwaad is gegee in die feit van goed. Iets kan nie "goed" wees indien daar nie ook "kwaad" is nie. Daar kan net sprake van "liefde" wees indien haat moontlik is. Dit is 'n geval van onontwykbare ekwilibrium: Goed is slegs definieerbaar in terme van kwaad, en andersom. Omdat die mens 'n keuse het, impliseer dit goed of kwaad."

Is dit regtig so?

God bestaan van ewigheid af. God is van ewigheid af goed. As goed nie sonder boosheid kan bestaan nie, en daar 'n werklikheid voor of buite die skeppingstyd was waar God alleen bestaan het, sou dit beteken dat God beide goed en boos moes wees.

Die gevolgtrekking is dus onvermydelik. As die bestaan van goedheid afhanklik is van die bestaan van boosheid, kan God slegs goed wees indien Hy boos ook is.

Hierdie is niks nuuts nie. Dualisme is in die antieke tyd verkondig deur Zoroasterianisme, en vandag deur Buddhisme. (Die Yin-Yang beginsel). Dit word ook verkondig in George Lucas se "Star Wars" films. Die "Force" het 'n ligte en 'n donker kant. Goedheid en boosheid balanseer mekaar uit in 'n kosmiese balans en is van mekaar afhanklik.

Du Toit weerspreek homself hier baie duidelik, want op bl 120 stel hy dat God onbetwisbaar beskou word as die God van liefde, en dus nie die oorsaak van die kwaad kan wees nie. Ongelukkig sal mens moet kies tussen dualisme aan die een kant en 'n God wat nié die oorsaak van kwaad is nie aan die ander kant.

Twee teenstrydige proposisies kan nie tergelykertyd waar wees nie.

**En sonde?**

Op bl 154 skryf du Toit:

> "Indien die mens 'n keuse gegee word tussen goed en kwaad, tussen reg en verkeerd, van die boom eet of nie van die boom eet nie, is die sonde 'n onafwendbare gegewe uit die manier waarop die skepping gemaak is."

Die waarheid is, God het die mens geskep om in 'n liefdesverhouding mee te staan. Ware liefde is net moontlik in die teenwoordigheid van vrye wil. Vrye wil skep die moontlikheid vir sonde. Satan het sy vrye wil gebruik om teen God te rebelleer. Adam en Eva het dit gebruik om teen God te rebelleer. God het dus die moonlikheid vir sonde ingebou in sy skepping, omdat jy daarsonder nie ware liefde kan hê nie.

Maar beteken dit die sonde is onafwendbaar? Du Toit beweer dit is. Dit is volgens hom 'n integrale deel van die aard van die verhouding tussen God en mens. En dan beweer hy, die mens het tog 'n keuse! (bl 120)

Dit is hier wat die wiele van du Toit se logika heeltemal af val. As die sonde onvermydelik is uit die aard van die verhouding tussen God en die mens, beteken dit dat die mens juis nie vrye wil het nie! Die mens het dan juis nie 'n keuse nie. Vrye wil sou beteken dat Adam en Eva die keuse sou hê om nooit, in alle ewigheid, te sondig nie!

En as sonde onvermydelik was vir Adam en Eva, (soos hy beweer) en hulle nie kon kies om nié sonde te doen nie, beteken dit dat God hulle so gemaak het. Defektief. Gedoem om te misluk. God is dus die oorsprong, die bron van sonde. Dit ten spyte van die feit dat hy beweer, "'n mens hoef dus nie die oorsprong van sonde by God te gaan soek nie..." (bl 154)

Du Toit se logiese teenstrydighede en denkfoute bring hom by die gevolgtrekking: Dit is die aard van die skepping dat die mens sondig. En dit is presies wat panenteïsme leer, al verduidelik du Toit dit op 'n heel ander manier. Is dit toeval?

Die waarheid is dat die sondeval nie onafwendbaar was nie.[vi] Die moontlikheid dat iets gebeur is iets totaal anders as die onvermydelikheid dat iets gebeur. Die God van die Bybel het liefde geskep, met die moontlikheid van sonde as die byproduk van die vrye wil wat met die liefde kom.

(Ek wil net noem dat die hele filosofiese vraagstuk oor God se volledige kennis van die toekoms as determinisme hier ter sprake kom. Ek gaan dit egter nie hier bespreek nie bloot omdat daar nie plek daarvoor is nie. Die antwoord vir die probleem lê kortliks in die feit dat God buite tyd staan. Kousaliteit is 'n funksie van sekwensie. Buite tyd verval die konsep van kousaliteit dus.)

Die God van du Toit het die mens geskep om onvermydelik te faal. Die mens het dus nie vrye wil nie, ware liefde is nie moontlik nie en God is verantwoordelik vir die sonde. Sy ontkenning op bl 154 oortuig nie, want hy weerspreek homself.

Die Bybel leer dat die mens sy vrye wil verloor het met die sondeval, en met die sondeval 'n slaaf van die sonde geword het as gevolg van sy verwydering van God. Du Toit ontken die sondeval omdat hy die mens se verslawing aan sonde (gebrek aan vrye wil om nie te sondig nie) sien as die

onvermydelike gevolg van die skepping.

**Wat van die duiwel?**

Die bestaan van die duiwel is 'n logiese onmoontlikheid in panenteïsme. Onthou dat elke geskape wese in wese God is. Daar kan dus nie so iets soos 'n totaal bose wese bestaan in panenteïsme nie.

Ek glo dus die rede waarom du Toit en ander die bestaan van die duiwel ontken, het niks te doen met skrifuitleg of die feit dat dit tot die "pre-moderne denkstruktuur behoort" (bl 123) nie, maar alles te doen met sy panenteïsme.

Du Toit gee 'n vals voorstelling oor wat die Bybel oor die duiwel leer.

1) Die vals voorstelling van animisme.

> " ...behoort dit duidelik te wees dat die wêreld en lewensbeskouing waar alles verklaar word in terme van die stryd tussen God en die Bose (of duiwel) tot die premodene denkstruktuur behoort. [...] Intussen het dit duidelik geword dat die ervarings of gebeure of toestande wat in die premoderne tyd aan hierdie stryd tussen goed en kwaad toegedig is, nou verklarings het: Dit is nie die duiwel wat mense siek maak, aarbewings laat plaasvind, mense geestelik versteur, oorloë laat uitbreek, mense mekaar laat haat, doodmaak of dergelike dinge nie." (bl 123)

Daar is omtrent 80 verwysings na duiwels en demone in die Nuwe Testament. In 11 hiervan word die onderskeid baie duidelik getref tussen duiwelbesetenheid en natuurlike siektes .

> Mat 4:24: Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak.

Let op dat geestelike versteurdes/epileptici hier apart genoem word van duiwelbesetenheid. Dit is dus volgens die Bybel twee verskillende toestande.

> Mat 10:8 Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.
>
> Mark 1:32 Toe dit aand geword het en die son al onder was, het die mense al die siekes en dié wat in die mag van bose geeste was, na Hom toe gebring.

Hier is siekes wat genees moet word en duiwelbesetenheid weer twee afsonerlike kategorieë. Sien ook Mat 8:16, 10:8, Mark 16:17, Luk 4:40, 9:1, 13:32, Hand 19:12. Epilepsie word slegs in een geval van duiwelbesentenheid gespesifiseer. Daar word op ander plekke duidelik onderskeid gemaak tussen duiwelbesetenheid en epilepsie wat nie deur demone veroorsaak word nie. In meeste vertalings van Mat 4:24 word verwys na epileptici – mense wat konvulsies kry, terwyl die NAV die woord "geestelike versteurdes" gebruik.

Du Toit se voorstelling dat die mense van Jesus se tyd geglo het dat alle siektes deur die duiwel veroorsaak was is dus eenvoudig vals. Dit is 'n strooipop wat hy opstel om af te skiet en dan te vervang met sy "wetenskaplike / post-wetenskaplike" wêrelbeeld waar ons nou sou weet dat siektes deur kieme veroorsaak word. As sodanig is dit dus geen geldige argument dat die duiwel nie

bestaan nie.

Ek moet ook hier noem: Ek is 'n mediese spesialis, en ek staan elke keer verstom as ek lees oor die reinigingsgebruike in die ou testament. Die rituele vir geestelike reiniging in die ou testament was altyd besprenkeling met bloed of water gemeng met as. Maar waar daar kans was dat 'n werklike bakteriële infeksie oorgedra kon word, was die voorskrif van reiniging altyd om te bad! Voorbeelde hiervan was velsiektes, na geslagsgemeenskap, na kontak met dooies ens. Die enigste situasie waar 'n persoon moes bad as reiniging waar verspreiding van bakteriele infeksie moontlik nie 'n rol kon speel nie was na die verbranding van die rooi verskalf. Maar 'n mens kan jou indink hoe 'n persoon wat 'n hele bees moes verbrand sou stink na die tyd!

Is dit toevallig, of het Moses dalk iets geweet van infeksie wat Robert Koch en Louis Pasteur eers in die 19e eeu sou ontdek?

2) Weereens die vals dualisme, maar die keer staan du Toit aan die ander kant van sy eie vorige argument!

Op bl 125 verduidelik hy dat God buite tyd en ruimte staan, en dat die duiwel deel van die skepping is.

> “Dit (die feit van God) op sigself gee gee dus nie die duiwel (wat deel sou wees van die geskape werklikheid) 'n logiese bestaansreg net omdat God (buite ruimte en tyd) bestaan nie. [...] God se bestaan as Skepper en Onderhouer buite ruimte en tyd is tog nie afhanklik van die bestaan van die duiwel of 'n Bose nie. Die een beteken nie noodwendig logies die ander nie.”

Onthou dat hy op bl 120 die bestaan van die kwaad regverdig deur te sê dit is die teenpool van goed wat goed definieer? Goed kan dus nie sonder kwaad bestaan nie? Hier gebruik hy presies die selfde argument as 'n strooipop om aan te val in sy argument dat die duiwel nie bestaan nie!

> Bl 120: “Die feit van kwaad is gegee in die feit van goed.”
>
> Bl 125: “God se bestaan as Skepper en Onderhouer buite ruimte en tyd is tog nie afhanklik van die bestaan van die duiwel of 'n Bose nie.”

Ek is opnuut verstom oor hoe verward du Toit se denke is, soos dit in hierdie boek na vore kom. Dit plaas ook 'n groot vraagteken oor die insig van mense wat die boek benoem het vir die Andrew Murray prys!

Ek kan maar net noem dat die Bybel of die Christelike ortodoksie nooit dualisties was nie, en dat du Toit se strooipop totaal ontoepaslik is.

3) “The devil made me do it”

Du Toit is natuurlik heeltemal reg dat mens nie die duiwel kan beskuldig vir jou sonde nie. (bl 127) Die Bybel is baie duidelik daaroor. Lees maar wat Paulus sê oor die werke van die vlees in Gal. 5:21. En natuurik is daar Christene wat die duiwel beskuldig vir hulle sonde. Om dit egter te gebruik as redenasie waarom die duiwel nie sou bestaan nie is om die beginsels van logika vér anderkant breekpunt te rek!

Bestaan die duiwel regtig? As jy 'n panenteïs is kan jy dit beslis nie glo nie, want die duiwel is 'n

logiese onmoontlikheid in panenteïsme. As jy egter die bestaan van die duiwel wil ontken, kan jy dit slegs doen as jy die openbaringsgrondslag van die Bybel in geheel verwerp, en dit is presies wat du Toit doen.

**Die Heer het waarlik opgestaan! (Of het Hy?)**

Aan die een kant bevestig du Toit dat die Jesus se opstanding die waarmakende historiese gebeurtenis van die Evangelie is (bl 150, bl 160). Hy bevestig dat Jesus na Sy opstanding deur honderde mense gesien is en dit dus die impetus vir die ontploffing van die kerk was. Hy bevestig die belangrikheid van die liggaam (en dus by implikasie die opstnadingsliggaam) in die Christelike geloof.

Maar hoé du Toit glo dat Christus opgestaan het is moeilik om agter te kom.

-- Hy vergelyk die opstanding met die voortbestaan van energie. Het Christus dus net as energie opgestaan? (bl 150)
-- Op bl 151 haal hy Hennie de Villiers bevestigend aan: " ...jy is jou siel met betekenisvolle liggaamlike ervarings; jou siel is deel van die kosmiese siel, wat ons God kan noem; die siel het sy eie eienskappe wat sterker is as die eienskappe van die liggaam en het nie sigbare fisieke mag meer nodig nie, dit het sy eie onsigbare krag wat sterker is as enige mag..." Let assblief op die woorde, "...het nie sigbare fisieke mag meer nodig nie..." Dit toon duidelik dat alhoewel hy dink die liggaam belangrik is, hy dit duidelik stel dat die liggaam nie nodig is nie.
-- Op bl 152 haal hy Wayne Deyer aan en sê: "Daarom moet 'n mens versigtig wees om nie verknog (attached) te raak aan jou liggaam (vorm) nie..."

Dan volg sy redelik kriptiese gevolgtrekking:

> "Wanneer die Christendom daarom die opstanding van Jesus as die voorloper van die opstanding van die mens (opstanding "van die vlees", soos die Twaalf Artikels dit formuleer) bely, is dit binne die postmoderne konteks niks vreemds of onrealisties (soos dit in die rasioneel / logies behepte wetenskaplike era was) nie. Weliswaar word hier nie teruggekeer tot 'n premoderne wêreld- en lewensbeskouing nie, maar is die spirituele voortbestaan van die mens na die dood, as onvernietigbare energie wat op die een of ander manier opgeneem word in die dimensie van die Bron van alle energie (God) aangedui." (bl 152)

Reg, hier bevestig du Toit dat ons mag bely dat ons glo in die "opstanding van die vlees" terwyl ons egter weet ons glo net in die voortbestaan van die mens as energie wat in God se energie opgeneem word (dus nie liggaamlik nie).[vii]

Hierdie is ernstige intellektuele oneerlikheid, wat net binne die raamwerk van postmoderne dinkgimnastiek kan voortbestaan! Ek staan keer op keer verstom voor die postmodernis se vermoë om twee absoluut teenstrydighede met 'n reguit gesig as die waarheid te verkondig.

Ek moet net hier noem dat die Bybel baie duidelik leer dat die opstandingsliggaam 'n verheerlikde liggaam is. Paulus noem dit 'n "geestelike liggaam". Dit is "geestelik", omdat dit lewend gemaak is deur die Gees van God, verheerlik is, en nie aan die natuurwette, ruimte en tyd van hierdie bestel onderwerp is nie. En tog is dit ook "liggaam" omdat dit 'n ware, fisiese objek is wat tog ook in tyd en ruimte funksioneer, waaraan mense soos Thomas kan vat en voel, en wat vis kan eet op die strand by die see van Galilea. Die Bybel is ook duidelik dat dit in kontinuïteit met ons huidige

liggame is – dit is hoekom Jesus se graf leeg is, en hoekom dié wat leef met Sy wederkoms se liggame in 'n oogwink verander sal word.

Isak de Vries skryf in sy artikel "Die (NG) Kerk stoot postmoderne deure oop" op Litnet (http://www.oulitnet.co.za/god/06izak.asp )

> Ek het heelwat mense gevra om hulle menings oor die boek. Sommige van hulle is redelik Bybelvaste Christene en almal was dit eens dat hierdie een enkele wonder — die opstanding — se sentraliteit in Du Toit se denke opvallend, en selfs vreemd, is. Dit was dan ook een van die goed waaroor ek meer duidelikheid verlang het in ons gesprek. Du Toit erken ruiterlik dat hy sy idees baseer op die Bybel, en dus grootliks Paulus se fokus op die opstanding assimileer. Hiermee ontken hy nie die historiografiese probleme waarmee die postmoderne Christen te kampe het nie (hy spel dit selfs uit in sy boek). Hy neem weer die idee van 'n onsterflike energie op toe ek hom daaroor pols. Dat Jesus ánders was na die opstanding as voor die tyd, sal hy ook aanvaar.
>
> "Goed," wou ek weet. "Maar wat van mense wat regtig sukkel om so ver te gaan? Wat daarvan as iemand eerder die opstanding as 'n simboliese idee sien?" Daarmee het Du Toit nie 'n probleem nie. Hy kies, binne die postmoderne onsekerhede, om sy spiritualiteit te vestig op 'n daad wat vir ons postmodere breine moeilik mag lyk, maar sal ander toelaat om hulle spiritualiteit te vind in die ontginning van simbole. Hy voel dit moet nie 'n struikelblok wees nie.

Du Toit het dus nie 'n probleem daarmee om die opstanding as simbolies te sien nie. Sover ek weet het hy hom nooit van hierdie opmerking van de Vries gedistansieer nie. Dit is dus duidelik waarom hy so dubbelsinnig is in sy boek oor die opstanding: Selfs dit beskou hy duidelik nie regtig as so sentraal tot  sy geloof soos wat hy wil beweer nie.

**Wat van Jesus se kruisdood as versoening vir ons sondes?**

Jesus se versoeningsdood aan die kruis is die een  ding wat Dr du Toit bevestig as die sentrale punt van sy en ook die Christelike geloof.

> "Tot die kern van hierdie godsdiens behoort die geloof dat Jesus 'n offerdood gesterf het ter wille van die mensdom. Elkeen wat hierdie kruisdood van Jesus vir hom-/ haarself aanvaar, word vergewe en gered vir die ewige lewe." (bl 160)

Kom ons maak 'n vinnige opname:
-- Du Toit verwerp die Goddelike inspirasie van die Bybel.
-- Hy verwerp die ortodokse Bybelse teïstiese wêreldbeeld.
-- Hy verwerp die idee dat die mens God enigsins kan ken, en Sy teenwoordigheid kan beleef.
-- Hy verwerp die bestaan van die duiwel.
-- Hy verwerp die sondeval, in die sin dat hy dit as onvermydelike gevolg van God se skepping sien. Die mens is dus defektief geskep deur God.
-- Hy bevraagteken die maagdelike geboorte van Christus.
-- Hy verwerp die idee dat wonderwerke kan plaasvind.
-- Hy het geen probleem daarmee indien Jesus se opstanding slegs as "simbolies" gesien word nie.
-- Hy ontken dat die Christelike godsdiens enigsins aanspraak kan maak op eksklusiewe waarheid bo ander godsdienste.

Dit is duidelik dat du Toit elke liewe proposisie van die Christelike geloof ontken of verdag maak,

behalwe dat Christus vir hom aan die kruis gesterf het.

Die vraag is: Kan hierdie een waarheid in isolasie van al die ander waarhede wat du Toit verwerp bestaan?

Byvoorbeeld; As die Bybel nie deur God geinspireer is nie, hoe kan ons weet dat Christus gesê het, “Dit is My bloed. Dit is My liggaam”? As die duiwel nie bestaan nie, en Jesus mal was of gelieg het oor sy ontmoeting met die duiwel, hoe kan jy glo dat hy vir jou aan die kruis kon sterf?

Kevin DeYoung sê: “The emerging church is not an evangelistic strategy. It is the last rung for evangelicals falling off the ladder into liberalism or unbelief.”[viii]

Mens wonder waarom du Toit steeds aanbly in die NG Kerk, of inderdaad enige Christelike kerk.

Wynand Louw

i Hesselgrave steun hier grootliks op die werk van Robert Redfield. Wêreldbeeld sluit natuurlik 'n groot hoeveelheid dinge in, maar Redfield (en dus Hesselgrave) reduseer dit tot die drie verhoudings wat ek hier beskryf. Hesselgrave, DJ, Communicating Christ Cross Culturally, Zondervan , 1978

ii Die diagramme is geskoei op dié in Hesselgrave se boek, met my eie aanpassings.

iii Pannenberg self het ontken dat hy 'n panenteïs is, maar Cooper toon baie duidelik aan dat hy wel een is. Cooper, JW, Panentheïsm. The Other God of the Philosphers, Baker Academic, 2006. “Several aspects of Pannenberg's project suggest panentheism. First, he explicitly identifies with the panentheistic tradition of Herder, Schleiermacher, Hegel, and Schelling regarding "the totality of reality in its temporal development" as "the self-communication of God." God is in world history. Second, he also affirms that the world is in God. His theology of science proposes that the cosmos exists within God's Spirit as its primordial force field . His philosophy of religion concludes that "man participates in the personal reality of the divine." These two points together yield the mutual "in-ness" of God and the world that is typical of generic panentheism.

iv Hier volg Cooper se beskrywing van Polkinghorne se teologie. Alhoewel Polkinghorne ontken dat hy 'n panenteïs is, glo hy tog dat die kosmos sal opeindig as deel van God. Hy is dus 'n “eskatologiese panenteïs”. “Divine dipolarity is clearest in the incarnation. "Christ is to be recognized precisely as the One who, in the two natures, human and divine, constitutes the bridge between the infinite life of the Creator and the finite lives of creatures." But the whole Trinity is dipolar in relation to creation. "The intimate complementarity of temporal and eternal within the unity of God also enables one rightly to speak of the Lamb slain from the foundation of the world (Rev. 13:8) and to speak of continuing divine participation in the travail of creation." One might wonder whether Polkinghorne's dipolar alternative to classical theism avoids panentheism. His views are similar to Peacocke's, Clayton's, and Moltmann's in many ways. His criticisms of panentheism do not always seem to apply to their views of the God-world relation. On a number of points, the difference appears to be more terminological than substantive. In any case, Polkinghorne claims to reject panentheism as a theology of the current world. Polkinghorne explicitly affirms, however, eschatological panentheism. "Panentheism is true as an eschatological fulfillment, not a present reality." When the kingdom comes, we will participate in God ontologically. "This destiny will indeed be a theosis, a sharing in the life of God." Even then Polkinghorne maintains divine transcendence by reiterating the difference between the eternal and temporal natures of God: "It will not be human participation in the ineffable life of the eternal divine pole. Rather, it will be an unending exploration of the riches of the temporal pole of deity, made accessible to us in Christ." Polkinghorne emphasizes that God's kingdom will include the self-identical creatures of this world in forms of time, space, matter, and embodiment that are appropriate for the world to come. "God's final purpose is that creatures should enjoy fully the experience of the unveiled divine presence, and so share in the divine energies." Envisioning the real reciprocal presence of God in all things, Polkinghorne names his eschatology sacramental panentheism, the same term that Peacocke applies to the present.”

v Carson, DA, Becoming Conversant with the Emerging Church: Understanding a Movement and Its Implications, Zondervan, 2009. “Postmodernism shares the same beginning point [as modernism], of course, but seeks to empty modernism of its certainty. And God? Especially in hard postmodernism, he is no more than the belief structure of a particular social group. He has no more reality or truth than the belief structure of some other group. Every religious view is as right or wrong as every other religious view. If there is a real God out there, we finite beings have no means of knowing it or him with genuine certainty.

vi Gen. 1:31: “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.” Sien ook die Dortse Leerreëls, Hoofstuk 3, par 1: “Die mens is van die begin af na die beeld van God geskep. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof.”

vii John Piper verwys presies na hierdie tipe omgang met die Bybel. Ek haal aan: “ Words in the Bible have a meaning fixed by the intention of God, expressed through the mind of the human authors. It cannot be made to mean what we choose without tampering with God’s Word. But the atmosphere of our time puts so little premium on truth that the language of the Bible and of historical Christian documents has become a wax nose to shape according to the desires of the speaker. This is not new. At the Council of Nicaea in ad 325 the Arians were fighting to defend their view that Jesus Christ was not equally divine with God the Father and that he had a beginning. When Scriptures were used by those defending his deity, strangely the Arians accepted them. Only when terms were found that removed all ambiguity could the council really know what the Arians were affirming. Here is how Gregory of Nazianzus described the event: "The Alexandrians . . . confronted the Arians with the traditional Scriptural phrases which appeared to leave no doubt as to the eternal Godhead of the Son. But to their surprise they were met with perfect acquiescence. Only as each test was propounded, it was observed that the suspected party whispered and gesticulated to one another, evidently hinting that each could be safely accepted, since it admitted of evasion. . . . The fathers were baffled, and the test of homoousion [an interpretive Greek phrase meaning “of one nature” with the Father] . . . was being forced upon the majority by the evasions of the Arians." **Imprecision and vagueness have been used for thousands of years by those who want to abandon meanings and retain words.** J. Gresham Machen, one of the founders of Westminster Theological Seminary, saw it in the early part of the twentieth century and described it like this in relation to the doctrinal defections of the Presbyterian Church: "This temper of mind is hostile to precise definitions. Indeed nothing makes a man more unpopular in the controversies of the present day than an insistence upon definitions of terms. . . . Men discourse very eloquently today upon such subjects as God,

religion, Christianity, atonement, redemption, faith; but are greatly incensed when they are asked to tell in simple language what they mean by these terms." Piper, J, Think: The Life of the Mind and the Love of God, Good News Publishers/Crossway Books, 2010

viii DeYoung, K, God Is Still Holy and What You Learned in Sunday School Is Still True: A Review of "Love Wins"' **http://thegospelcoalition.org/blogs/kevindeyoung/2011/03/14/rob-bell-love-wins-review/**